

Teksrelasies: Pleidooi vir 'n gemeenskapsrelevante benadering in literatuurwetenskap en -praktyk

George Weideman

Opsomming

'n Omvattende literatuurbeskouingsmodel, waarin alle relevante tekste in 'n spesifieke tekstuele kommunikasieproses interdissiplinêr en vergelykend bestudeer kan word, is nodig: 'n tematies-georiënteerde literatuursosiologiese benadering van die "(literêre) teks" sáám met ander tekste. Die (Afrikaanse) letterkunde bereik nie die volle spraakgemeenskap nie, terwyl letterkunde-onderrig deel van die hegemonie geword het: 'n oorbeklemtoning van teksgerigte studie het die letterkunde gedekontekstualiseer. 'n Relevante literatuurwetenskap werk téén die hegemonie deur die teks as produk van gemeenskapskommunikasie te beskou binne 'n sosiaal-historiese werklikheid. Naas winste word gebreke van bestaande literatuursosiologiese uitgangspunte (Vanheste, Scharfschwerdt, Fügen e.a.) genoem, o.m. dat ál die kommunikatiewe relasies m.b.t. 'n teks en veral die rol van 'n klassestryd en die relevansie van kritiese tekste selde deurgrond word. Ook die aktualiteit (wêreldwye probleemgebiede; die opkoms van 'n progressiewe alternatiewe Suider-Afrikaanse onderwyspraktyk) noop tot 'n ander benadering, gegrond op die Jakobson-diagram van talige kommunikasie. Kritiek word teen Selden se interpretasie van die model uitgespreek, en die diagram word uitgebrei om die (ideologiese) makroteks te inkorporeer. Teksrelasies – teks-leser, teks-konteks, teks-(inter-)teks, teks-boodskap, teks-outeur, teks-kanaal en teks-makroteks – word ondersoek; lg. aan die hand van *Sitate om 'n rewolusie* (Ferreira). Verder word kritiek geopper teen die feit dat literatuuronderrig nog nie die globale tekssituasie as deel van die volle spraakgemeenskaplike geskiedenis erken of insien dat 'n teks ideologies onvry is en dus afhanklik van hegemoniese en kontra-hegemoniese aktiwiteite en tydgenootlike omstandighede funksioneer nie. 'n Relevantier literatuurbeskouing word bepleit.

Summary

A comprehensive model for the discussion of all relevant texts in a specific textual communication process, using comparative approaches, is favoured here. It is suggested that the examination of "(literary) texts" in conjunction with other texts, and using a theme-orientated sociological approach, could lead to literature being regarded and studied as "socio-textual communication". (Afrikaans) literature does not reach the speech community as a whole, while literary instruction has become a tool of the hegemony. Over-emphasis on aesthetic criteria and detailed textual analysis has led to the decontextualisation of literature. A relevant literary science considers the text as a product of discourse within the actual socio-historical community. The advantages and shortcomings of existing points of departure in the sociology of literature (Vanheste, Scharfschwerdt, Fügen, and others) are briefly examined. One shortcoming is that all the communicative relationships with reference to a text are not yet being examined, while the role of an ideological class struggle and the relevance of critical texts are not usually emphasized. Moreover, reality (world-wide problem areas; the emergence of progressive alternative educational models in Southern Africa) urges a relevant and comprehensive approach to literary studies, based upon the Jakobson diagram of linguistic communication. Selden's interpretation of the model is criticized, and the model is extended to include the (ideological) "macro-text". Text relations – text: reader, text: context, text: (inter-)text, text: message, text: author, text: medium and text: macro-text – are examined in conjunction with the revised model; text: macro-text especially with reference to Ferreira's *Sitate om 'n rewolusie*. Literary instruction is criticized for not acknowledging the whole textual situation or the ideological

dependence of the text and its functioning within a sphere of hegemonial and contra-hegemonial activities and contemporary circumstances. A more relevant approach to literature is advocated.

It is not the fact that literary theory is political which is objectionable, nor just the fact that its frequent obliviousness of this tends to mislead: what is really objectionable is the nature of its politics. (Terry Eagleton, 1985: 195)

What I'm advocating here might not be popular in our society at large, for it would entail the entire restructuring of our slowest-moving, most conservative monolith in the land – the educational system. I'm suggesting that, for a while, in literary circles, we stop defining and asserting differences, and put the stress on similarities. There is nothing very unique in any literature; they are all much the same. We should compare them, enjoy the light one literature casts on another. (Stephen Gray, 1984: 18)

1 Inleiding en vertrekpunte

Mense vra soms: hoe kan weggekome word van die (logosentristiese) konsep “literatuur”, wat – in en buite die (formele) onderrigsituasie – ’n duidelike statusverheffing in verhouding tot die sg. “nie-literêre” impliseer? Met meer idealisme as gesonde verstand wil jy dan uitroep: maar betrek alle vorme van tekstuele kommunikasie interdisiplinêr, versover die sake wat gekommunikeer word, verwant is. Of is dit nie so eenvoudig nie?

Die gebruik van frases soos “literêre meriete” en “buite-literêre maatstawe” sit vasgevang in ’n historiese proses van sosiale stratifikasie wat meebring dat alles wat as “letterkunde” geklassifiseer (en gekanoniseer) word – wat “esteties” ’n “hoër posisie” beklee – ten beste in kliniese afsondering verkeer. Vir dié wat dit – letterlik en figuurlik gesproke – kan bekostig, die sg. ernstige lesers, is die “literêre teks” meestal iets genietbaars, selfs ’n maatstaf vir lewenstandaard, vir “dieper” leef en kyk. Dikwels is die “(literêre) teks” bloot ’n soort kadawer, “etherized upon a table”, ’n objek wat deur ingewydes, waaronder literatuurwetenskaplikes, gedissekteer kan word.

Aan die ander kant weer is die doodswyg van “alternatiewe literatuur (-opvattinge)” (selfs die blote *klassifikasie* daarvan), ’n ewe beproefde strategie. So is daar byvoorbeeld nie juis gereageer op die enkele ondersoek wat in Afrikaans ten aansien van die hegemoniese en die nie-hegemoniese in die letterkunde uitgevoer is nie (Willemsse, 1984, 1985a en 1985b).

’n Interdisiplinêre perspektief – noodwendig eenvoudiger verwoord as hier – kan dalk help om leserstereotipes i.v.m. “letterkunde” te ontmoedig en die teks weer “lewend(ig)” te maak.

Dit hou natuurlik in dat o.a. vanuit kommunikasieperspektief na die teks gekyk moet word: bied 'n teks wel 'n relatiewe kommunikasiemoontlikheid? Of is dit so 'n esoteriese vorm van kommunikasie dat heelparty potensiële dekodeerders effektief uitgeskakel word? Hoeveel kompetente lesers moet nie toegee dat 'n bepaalde teks bo hulle vuurmaakplek is nie?

Natuurlik word hier nie gepleit dat “ernstige letterkunde” en “ernstige lesers” moet verdwyn nie. Natuurlik kan nie sonder meer weggedoen word met die vakbeskrywing (bv. “literatuurstudie”) nie, en wel om praktiese redes. Maar dit wil ook voorkom asof Suider-Afrikaanse letterkundiges nog nie oortuigbaar is vir 'n *intradissiplinêre* benadering nie: die tradisionaliste, wie se “wetenskaplike argumentasies” meestal spruit uit 'n onwilligheid of onvermoë om sosiale werklikhede in die oë te kyk, redeneer gewoonlik dat die vak *as vak* status sal inboet en deur ander dissiplines geïnkorporeer (“verslind”) sal word. Ook hul argwaan jeens pamfletliteratuur, oratuur ('n term van Hein Willemse) en “voordragletterkunde” verrai die begrensingsaksies wat so eie aan die politieke lewe in Suider-Afrika is. Hulle redeneer gewoonlik verder dat die vak nie ruimte bied vir 'n *interdissiplinêre* benadering nie, terwyl daar dikwels nog angsvallig vasgeklou word aan een of ander vorm van outonomie-konsep. Soos wat later aangedui sal word m.b.v. 'n teks van Jeanette Ferreira, kan die teks en die “buite-tekstuele” juis vrugbare en selfs noodsaaklike ondersoekvelde wees. Deur bv. tekste en “dokumente” agter tekste noukeurig maatskappy-krities te bekyk, word die teks van die rak gehaal. Maar dan val die nadruk nie op die *verskille* (o.a. die sg. “verhewenheid” van die “literêre teks”) nie – wel op die vraag *hoe* die skrywer met 'n bepaalde stuk werklikheid omgaan. Maar daarby moet gesê word dat dit ook om meer handel as die “toegewings” van politieke opportuniste, soos bepaalde interpretasies van “betrokkenheid” of “veilige” ondersoeke na die verhouding tussen letterkunde en gemeenskap.

Die “monolitiese” benadering en die vorige argument hang waarskynlik saam: die verabsoluttering van (gekanoniseerde) tekste láát inderdaad nie ruimte vir bv. vergelykende teksstudie nie. Tereg kritiseer Stephen Gray (in Malan, 1984: 21) op pikante wyse die gedagte dat “letterkunde” (-onderrig) bloot die studie van “(die) drie genres” behels:

We have, as some critics would say, canonised those three forms into being the only channels through which truly high art can flow, and as a result low art is so low that we can't see it there beneath us.

Gray pleit dan ook vir die erkenning – in navorsing en in die praktyk – van 'n vierde “miscellaneous category” van nie-gekanoniseerde tekste. Die erkenning wat “kabarettetekste” reeds geniet, dui al op vordering – máár: ook dít kan 'n veilige grensverskuiwing wees i.p.v. 'n moediger grensoorskryding. Soos wat ek later sal uiteensit, wil ek verder gaan as Gray en suggereer dat daar van nuuts af besin word oor die *totale* literatuuronderrigprogram. Kan literatuuronderrig nie 'n gans ander vertrekpunt hê as die generiese of die topologiese nie? Daarmee verloor ek nie H.P. van Coller (1986: 103-105) se

waarskuwings oor 'n ekstremistiese oorbeklemtoning van o.a. die maatskappy en die maatskappy-kritiek uit die oog nie; maar ek onderskryf dit wanneer hy sê dat die tradisionele beklemtoning van “klassieke” tekste maklik

lei tot fossilering van leerplanne en 'n leedersaversie. Vir jare al was en is dit die situasie in Suid-Afrika dat die eietydse letterkunde (én teorie) of verswyg word of gekritiseer word. In ons kurrikulering moet ons nie ons historiese perspektief prys gee nie, maar mág ons ook nooit vergeet dat ons van die jare Tagtig is nie (1986: 105).

Die elitistiese en monolitiese waarde wat aan “letterkunde” toegeken word, kan minstens oor “genre-grense” heen deurbreek word deur 'n teks *langs* alternatiewe tematies-verwante tekste te plaas, of deur “nie-literêre” tekste wat tematies verwant is aan 'n “literêre” teks by te trek. Jeanette Ferreira se *Sitate om 'n rewolusie* wil myns insiens, soos die titel feitlik suggereer, nie sonder dokumentasie (waarvoor o.a. knipselnavorsing noodsaaklik is) “bestaan” nie; André le Roux se *Sleep vir jou 'n stoel nader* “bestaan” sáám met sy (gesensureerde) Huisgenoot-artikels; Koos Prinsloo span die “buite-tekstuele” in sy tekste in op 'n soortgelyke manier as Louis Paul Boon (*Menuet*) en John Fowles (*A Maggot*). Skrywers sêlf dui dus 'n rigting aan.

Die “teks” is nie dood nie, maar as dit nie lewe sáám met ander tekste nie is dit gedoem tot mummifisering. Die boek word 'n trofee op 'n rak.

Die huidige debat oor Afrikaans en Nederlands is eweneens ter sake: hoeveel van diegene wat die sg. vyftig-vyftig-verdeling voorstaan, doen dit nie vanweë 'n elitistiese “letterkunde”-opvatting en/of geykte historiografiese oorwegings nie? Begryplikerwys pleit ek nie hier – in die verbygaan – vir die summiere afskaffing van Nederlands nie, maar ek vra my wel af of 'n *vergelykende* en *tematies-georiënteerde* studie regdeur, van die vroegste skoolvlak af, nie sinvoller sal wees nie.¹

Aangesien die verband tussen “letterkunde” en “gemeenskap” – soos voorheen uiteengesit – reeds implisiet in tradisionele vertrekpunte, termbeskrywings (of -aannames) en historiografiese indelings aanwesig is, behoort dit nie vreemd te wees dat konsepte of terme uit die sfeer van die gemeenskap oorgedra word op die “letterkunde” nie. Dit gebeur uiteraard in enige literatuursosiologiese benadering, waar onder andere die *relasies* tussen “letterkunde” en “gemeenskap” ondersoek word.

In die lig van my voorgaande opmerkings oor 'n monopolistiese (en monolitiese) “literatuuropvatting”, waarin die *individu* (lees: verskanste hegemoniese belange) se teksbenadering en die sg. outonomie van die “literêre werk” gerieflike aansluiting by mekaar vind, wil ek dus daarvoor pleit dat dié tekstuele kommunikasiefenomeen ontmitologiseer en ontindividualiseer word.

Ek wil voorts probeer om, na enkele kritiese kanttekeninge oor aspekte van *literatuurwetenskap*, die *literatuursosiologiese benadering* in die besonder, literatuurwetenskaplike *groeperinge* en pogings om die uiterstes met mekaar te *versoen*, uit te kom by 'n “*model*” vir die hersiening van bestaande

“literatuuropvatting”. Wat hier volg, is met ander woorde die voorlopige neerslag van ’n soektog, en ’n pleidooi vir ’n sisteembenadering.

Die interpretasie en strukturering van hierdie “letterkundebeskouingsmodel” berus noodwendig op eklektiese metodes;² dat die gewone passasiersmotor al dekades lank oor komponente soos die konvensionele binnebrandmasjien en vier wiele beskik, beteken tog seker dat dié uitvindings hul funksionaliteit bewys het – al verskil *modelle* elke jaar van die voriges. Ek maak dus dankbaar gebruik van literatuurwetenskaplike insigte wat hul al terdeë bewys het en wat spesifiek vir die hieronder voorgestelde model benutbaar is. Ek hou egter ook die waarskuwing – dat ’n “oop sisteem” wat sig voordoen as die antwoord op alle sisteme, terstond ’n geslote sisteem word – in gedagte.

2 Kritiese aanloop tot ’n model

Die keuse van ’n teks en die lees en bestudering daarvan kan ’n gevolg wees van of ’n uitwerking hê op die leser se beskouing van die sosiale werklikheid: in repressiewe gemeenskappe word die leeshandeling onvermydelik deel van ’n repertorium van ideologiese handeling – die leser word byvoorbeeld *beheer*, *hy/sy beheers* nie die teks nie. Dit kan maklik gebeur dat generasies lesers – van die Afrikaanse literatuur! – nooit voel dat dit deel van *hulle wêreld* uitmaak nie. Gerwel (1983) se ondersoek het laasgenoemde veral ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde vóór 1948 aangedui. Later gaan Gerwel (s.j.) en Willemse (1984, 1985a en 1985b) verder en word ook kortliks na die post-1948-boek gekyk.

Op dié terrein waar tans die duidelikste krities gestaan word teenoor die kurrikulum en kurrikulumvertolking – te wete die hoogs gepolitiseerde onderrigssituasie – bied sowel die keuse en die beskikbaarheid van Afrikaanse tekste as die literatuuronderrigbenadering nuwe uitdagings aan diegene wat geïnteresseerd is in die literatuur as gemeenskapsproduk, as “an organic, assimilating process which has reference to every aspect of cultural expression . . .”, soos Stephen Gray (in Malan, 1984: 22) dit sien. Weet diegene wat “letterkunde” slegs as “hoë kultuurgoed” beskou en die teks “as afgeslote gegewe” sien (Malan, 1984: 29), dat die boek helaas weinig meer geword het as ’n verlengstuk van dié soort kompartementalisering wat hom in die heersende politieke sisteem voltrek? Weet dieselfde eerbiedigers van die teks as “monument” (Van Coller in Malan, 1984: 122) dat die studie van die letterkunde – soos ook die studie van geskiedenis – ’n besondere groeibodem bied vir oortuigings dat die skoolsisteem maatskaplike ongelykheid reproduseer?

Ek wil beweer dat dit al hoe noodsaakliker word dat die teks-saam-met-ander-tekste as produk van sosiale interaksie bestudeer word; nie net as “kultuurproduk” wat behoeftevervullend optree m.b.t. die mens se behoefte aan die *estetiese* nie, maar ook met inagneming van die mens as *politieke* wese – tewens, van die mens as sosiale wese *in totaliteit*.

Dit is dus my oortuiging dat, hoe daar ook oor literatuur geteoretiseer word, dit slegs nut kan hê indien rekening gehou word met die sosiaal-historiese werklikheid, met die geskiedenis van die *volle spraakgemeenskap* waar-

binne die teks opereer. In dié verband stel ek voor dat van *sosio-tekstuele kommunikasie* gepraat word.

Watter bydrae kan die literatuurwetenskap lewer om die mens op die vlak van sosio-tekstuele kommunikasie bewus te maak van – en veral weerbaar te maak téén – hegemonese manipulerings?

Die vraagstelling hierbo mag sommiges se hare laat rys: hoe kan die wetenskap hoegenaamd sy hooggeprese status van “outonomie”, “objektiwiteit” en “waardevryheid” prysgee ter wille van ’n *aksieprogram*? Myns insiens is “outonomie”, “objektiwiteit” en “waardevryheid” begrippe met ’n valse en mitiese inhoud: veral in die geesteswetenskappe word die ondersoekveld nie betree sonder ideologiese bagasie nie – die keuse van ’n ondersoekterrein is al ’n ideologies-gemotiveerde besluit. Deur byvoorbeeld bloot die “nut” of “publiseerbaarheid” van ’n stuk navorsing in gedagte te hou, word die eise van ’n kompeterende kapitalistiese stelsel erken. Hier wil ’n mens nie te kenne gee dat die *nastrewing* van objektiwiteit nie bestaan nie; ’n gebrekkige werklikheidsbesef laat mense nog toe om ander gesigspunte te “waardeer” – maar dit is weer eens ’n “veilige” soort betrokkenheid.

Daarom lyk dit vir my sinloos om oor die “wetenskaplikheid” al dan nie van die literatuurwetenskap te redeneer.³ Dit mag wel belangrik wees om te verklaar dat abstrakte teoretisering en praktyk-gerigte subjektiwiteit mekaar êrens moet vind. Die aangewese plek hiervoor is nie die teks *an sich* nie, maar die teks as potensieel-besondere kommunikasieverskynsel *in die gemeenskap*. Voeg daarby die – hierbo genoemde – gedagte dat so ’n ontmoetingsplek nie sonder ’n ideologiese repertorium betree kan word nie, en dit word duidelik dat sosio-tekstuele kommunikasie ’n gans ander benadering verg as die sg. suiwer “teksgerigte” studie.

Net soos wat daar in die sosiolinguistiek sedert die laat-sestigerjare al duideliker getrag word om “taal” en “spraakgemeenskap” op taalteoretiese vlak te versoen, is die verband tussen literatuur en maatskappy veral vir die literatuursosioloog ’n vrugbare terrein. Ongelukkig het die literatuursosiologie myns insiens nog te weinig gedoen om die “suiwer” literatuurwetenskap te *beweeg* of om die onderrig van letterkunde ’n gemeenskapsrelevante aktiwiteit te laat word. ’n Ontleding van enkele literatuursosiologiese vertrekpunte gee myns insiens die verklaring hiervoor.

Vanheste se definisie (1981: 5) en uiteensetting van die ondersoekveld van die literatuursosiologie (1981: 6–9) skiet nog te kort omdat dit nie ál die interaksionele relasies waaraan die “teks” as vorm van talige kommunikasie deel mag hê, in ag neem nie. By ’n ontleding van sy definisie mag dit voorkom asof die literatuursosiologie hoofsaaklik belang het by die relasies outeur-leser-kanaal-tekst, terwyl onder meer konteks ongedefinieerd gelaat en die rol van ideologie as iets vanselfsprekends aanvaar word. Vanheste se bydrae is nietemin nuttig omdat hy – onder invloed van Fügen – kies vir

een literatuursociologie die gericht is op de functie voor de lezers van alle literaire verschijningsvormen, of die nu experimenteel of traditioneel, belletristisch of triviaal, socialistisch-realistisch of neo-romantisch zijn (1981: 9).

Vanheste se erkenning dat vroeëre literatuursosiologiese denke te weinig

kennis geneem het van wat hy noem “emancipatorisch onderwys” (1981: 3) is waardevol, aangesien dit benadruk dat literatuurwetenskap en literatuuron-derrig nader aan mekaar behoort te beweeg. Dit lyk egter ook asof Vanheste te véél klem plaas op spesifieke – “tydgenootlike” – probleemsituasies, sonder om al die faktore wat in sulke situasies werksaam is, in ag te neem.

Soos verderaan hopelik duidelik sal word, wil ek eerder aanvaar dat sosio-tekstuele kommunikasie ondersoek moet word as iets wat midde-in ’n voortdurende klassestryd staan – maar veral as iets wat gedetermineer (kan) word deur hegemoniese of nie-hegemoniese (of ideologiese en kontra-ideologiese) aktiwiteite:

. . . the continuing conflicts of interest between classes, forms of ownership and the industrial organization of production cannot help but continuously reproduce, ensure that hegemony can never be total. There are always emergent forms of consciousness and representation which may be mobilized in opposition to the hegemonic order. This means that a lot of work, called ideological labour, goes into the struggle between hegemonic and counter-hegemonic forms. (O’Sullivan *et al*, 1983: 104)

My siening van sosio-tekstuele kommunikasie berus dus op die oortuiging dat “letterkunde” – soos taal in die algemeen – nie van ’n kontinue stryd tussen heerser en nie-heerser losgemaak kan word nie. Durf literêre teorie en literêre praktyk neutraal staan teenoor sosio-politieke diskoerse? Indien kursusse in die sosiolinguistiek en die literatuursosiologie (wat orogens verwante vertrekpunte het) nie ’n regmatige plek in die kurrikulum kry nie, kan ernstige vrae oor die relevansie van sodanige kurrikula gevra word.

’n Interessante aanvulling – maar ook teenstelling – tot die *sekulêre* literatuursosiologie van Goldmann, Lukacs, Fügen e.a. bied Jürgen Scharfschwerdt, vir wie álle verskyningsvorme van literatuur in kultuurhistoriese verband gesien moet word, waarvolgens “letterkunde” in die moderne tyd die rol van sekulêre religie begin speel het (iets wat in sigself ’n interessante subtema van Umberto Eco se *Il nome della rosa* (*The Name of the Rose*, 1980) vorm – ’n werk wie se “onverwagte” gewildheid in talle Europese tale dalk as sodanig steun aan Scharfschwerdt se teorie verleen).

Scharfschwerdt se beskouing is ook verwant aan dié van Northrop Frye: die miteskeppende funksie van literatuur as “a displaced version of religion” (Eagleton, 1985: 93). Soos Frye, maar dan vanuit literatuur-sosiologiese vertrekpunt, lê Scharfschwerdt nadruk op die utopiese en argetipiese aard van die (literêre) tekswêreld, en meen hy

Literatursoziologie wird nur möglich und in der vollen Problemstellung adäquat entwickelbar sein, wenn sie zugleich Religionssoziologie ist, sich als Religionssoziologie, als Teil einer umfassenderen Religionssoziologie versteht. (1977: 217)⁴

Scharfschwerdt verklaar dan ook die gewildheid van sogenaamde verstrooiingsliteratuur in dié verband as vervulling van die mens se *kollektiewe* hoop op verlossing (1977: 218). Hierdie literatuursosioloog, wat voortbou op die teorieë van Max Weber, se bydrae is nuttig versover dit die teoretikus

maan om nie eensydig na die materiële behoeftes van die tydgenootlike mens te kyk nie (dus ongeveer die teenoorgestelde van Vanheste se situasiegerigheid). Die gevaar is egter ook dat 'n oorbeklemtone van die sogenaamde estetiese uniekhede – vgl. veral die veel voorkomende konsep van “tydloosheid” by Scharfschwerdt – presies dit bereik wat in die (Gramsciaanse) “power bloc” van die kerkpolitiek as kollaborateur van die hegemonie plaasvind.

Ter illustrasie: Adam Small se religie-kritiese (ideologie-kritiese?) tekste uit die vyftiger- en sestigerjare – myns insiens nog steeds nie heeltemal na waarde geskat nie – is uit 'n omvattender literatuursosiologiese oogpunt juis interessant omdat dit die verabsolutering van 'n albinosentristiese religie ontmasker en ontluister. Small se tekste word egter nog dikwels vanuit 'n oorgeëfde Europese literêre tradisie bekyk, terwyl dit in wese gemeenskaps-literatuur is. Kenmerkend van dié soort oordeel is Kannemeyer (1983: 297) se slotsom oor die “obsederende” in Small se werk:

Die gevaar van die obsessie is egter dat dit die kunswerk tot 'n wapen in die stryd kan reduceer en aan die buite-literêre doelstelling voorrang kan gee bo intrinsieke letterkundige waardes. Met sy oorbeklemtone en amorge elemente in die opbou van baie verse ontkom Small nie altyd aan dié gevaar nie.

Die kriterium van tydloosheid (een van die “intrinsieke letterkundige waardes” soos wat dit terug te vind is by aanhangers van die “outonomie-bewegings”, maar ook in die literatuursosiologiese beskouinge van Scharfschwerdt) word onsinnig wanneer 'n mens koeranttekste uit die 1986-debat binne en rondom die Nederduits-Gereformeerde Kerk plaas langs Small se “Doemanie”, “Die Here het gaskommel” en “Dankgabet vannie skollie”. Dit word dan eerder nodig om van *relevansie* as van “tydloosheid” te praat as 'n maatstaf – in die kerk-diskoers van vandag is menige Small-tekste besonder relevant.

Vir Hans-Norbert Fügen bied die literatuursosiologie – as vertakking van die (positivistiese) sosiologie – die moontlikheid om *qua* literatuur die relasies tussen letterkunde en gemeenskap te ondersoek in terme van diegene wat op intermenslike vlak daarmee gemoed is:

Indem die Literatursoziologie als eine *spezielle Soziologie* verstanden wird, ist sie, sowohl was ihre Methode als auch was ihren Gegenstand betrifft, der allgemeinen Soziologie verpflichtet. Da die Soziologie das soziale, d.h. intersubjektive Handeln zum Forschungsgegenstand hat, ist sie nicht am literarischen Werk als ästhetischem Gegenstand interessiert, sondern Literatur wird nur insofern für sie bedeutsam, als sich mit ihr, an ihr und für sie spezielles zwischen-menschliches Handeln vollzieht. Die Literatursoziologie hat es demnach mit dem Handeln der an der Literatur beteiligten Menschen zu tun; ihr Gegenstand ist die Interaktion der an der Literatur beteiligten Personen. (1970: 14 – sy kursivering)⁵

Vir Fügen – soos vir die meeste “suiwer” literatuursosioloë, of hulle nou empiries-georiënteerd is soos Escarpit (1971) of die struktuurverwantskappe tussen teksstruktuur en sosiale struktuur ondersoek, soos Goldmann (1972) –

beklee die teks “als ästhetischem Gegenstand” geen plek nie. Aan die teks as sentrale objek in intermenslike *kommunikasie* gee hulle ewe weinig aandag, waarskynlik juis omdat hulle nog te geredelik die “afgeslotenheid” van die “(literêre) teks” en genreverskille as ’n *fait accompli* aanvaar en nie die “(literêre) teks” as bloot één openbaringswyse van intermenslike diskursiewe gedrag sien nie – en beslis nog nie die relevansie en posisie van sosio-tekstuele kommunikasie in die mens se stryd teen die hegemonie nie.

So ’n omvattender literatuursosiologiese benadering – of dan: ’n literatuurwetenskaplike benadering waarin die literatuursosiologie ’n prominenter rol kan speel – is uiters noodsaaklik in ’n wêreld wat gekenmerk word deur ’n al hoe groter en duurder wordende internasionale magstryd, die toenemende agteruitgang en verhongering van die sogenaamde “massa”, die eskalering van sogenaamde regionale konflikte (Noord-Ierland, Afghanistan, Libanon, Sentraal-Amerika, Suid-Afrika) en die oorweldigende invloed van die sogenaamde massamedia wat o.a. ook as draers van ideologieë optree. So ’n omvattende benadering – meer spesifiek met betrekking tot Suidelike Afrika en Afrikaans – is nodig omdat dit die teoretiese basis kan voorsien vir ’n alternatiewe onderwyspraktyk wat al hoe duideliker verzet teen manipulering en strukturele ongelykheid openbaar; wat wêét – in Pêcheux se woorde – dat daar geen oorheersing sonder verzet is nie (1986: 220).

Kontemporêre literêre teorieë word dikwels aan die hand van Roman Jakobson se bekende diagram van talige kommunikasie verduidelik. Om my voorgaande kritiese kantaantekeninge by die literatuurwetenskap as wetenskap en – in besonder – die literatuursosiologiese benaderingswyse op ’n logiese manier te laat afstuur op ’n model vir ’n teorie gebaseer op ’n omvattende benadering tot sosio-tekstuele kommunikasie, maak ek eweneens gebruik van die Jakobson-diagram.

Ek verwys na een van die jongste – meer toeganklike – inleidings tot die literêre teorie, dié van Raman Selden (1985), en ek kan nie nalaat om in die verbygaan ook hier enkele kritiese opmerkings te maak nie. Dit doen ek omdat ek wil illustreer dat bestaande literêr-teoretiese insigte te weinig waarde heg aan die *relevante relasies* tussen die verskillende elemente in die kommunikasieproses, en dalk te veel – of te min – te sê het oor die sogenaamde eie-aard van die “(literêre) teks” in dié proses.

My grootste beswaar teen Selden (1985: 3–5 *passim*) se – nogal meganistiese – omlýning van moderne literêre teorieë is dat hy

- (a) die oorspronklike Jakobson-diagram reduceer (deur die weglating van “medium/kanaal” – “contact” – dit wat juis te make het met die *wyse en plek* (“venue”) van kommunikasie;
- (b) aan die Marxistiese en literatuursosiologiese benaderings (wat hy nie duidelik onderskei nie) slegs oppervlakkig aandag gee;
- (c) glad nie die *relevansie* van ’n teorie in ag neem nie – relevansie in die betekenis van ’n geartikuleerde kritiese én selfeksaminerende leefwêreldbeskouing: ’n poging, ten minste, om tot die kern van gemeenskapsproblematiek deur te dring (’n belangrike rede, tewens, waarom die insigte in hiêrdie verkennende opstel aan die praktyk getoets moet word).

Dit wil voorkom of daar in diskussie oor die literatuurwetenskap enersyds onnodige polarisering – op teoretiese vlak, in “skoolvorming” – plaasvind, en andersyds na onbevredigende middeleë gesoek word. Tydens die SENSAL-simposium oor letterkundenavorsing (1982) het voorstanders van die “teks-is sentraal-benadering” (wat uiteraard ’n hele paar teoretiese vertrekpunte kan akkommodeer) en die voorstanders van (die) “konteksgerigte beskouing” hul territoriums ondubbelsinnig aangedui. Die mense wat gemeen het die antwoord lê iewers tussenin, het af en toe ook hulle stemme laat hoor. En tog meen ek daar is nog nie indringend genoeg besin oor die teks as kommunikasiefenomeen nie: die *universum* waarbinne al die elemente van die “literêre” kommunikasie met mekaar in interaksie verkeer, is nog nie genoegsaam verken nie. Die teks se rol ten opsigte van ander elemente in die kommunikasieproses is so belangrik en so relatief as dié van die son in ons sonnestelsel indien ’n mens aanvaar dat ons sonnestelsel maar ’n onderdeeljie van ’n oneindige “sisteem” is.⁶ Kan ’n mens jou ’n teks soos “Die Stem van Suid-Afrika” in die – teenswoordig – hoogs gepolitiseerde onderrigssituasie voorstel? Maar dan kan dieselfde natuurlik van “Ritrympie”, “Die beeld van oom Paul” en talle ander gesê word.

Dit is wel moontlik om die sosio-tekstuele kommunikasieproses te beskou as die (skriftelike) weergawe van ’n gespreksinnovasie (“’n nuwe koers aan die diskoers”, sou ’n mens kon sê) tussen ’n individu (die skrywer) en ander individue (’n groep, ’n spraakgemeenskap). So gesien, kan ook die ideologiese keuse, erflas en situering van die “gespreksgenote” dan seker nie ontken word nie.

Maar dit betref natuurlik ook die individuele outeur en die individuele leser: ofskoon hulle as “unieke individue” skryf en lees, is hulle ook psigososiale wesens – individue én in relasie tot die spraakgemeenskap. Parsons (1951: 409) sê van die verhouding “kunstenaar”-publiek:

It is a very striking fact that in spite of the notorious “individualism” of artists, at least in the modern Western world, there is among them a very deep concern with communicating, with making an impression on a public. The expressive symbolism of art is not a “private” matter at all but is part of a culture. When it does become purely private and the individual ceases to try to communicate, he is a schizophrenic, not an artist, which is a very different type of social role, though one may shade into the other.

Die kwessie van die skrywer se “verantwoordelikheid” duik van tyd tot tyd op in openbare meningswisseling. Betreklik onlangs nog was daar Barend Toerien se verwyte aan die adres van die “jonger digters” dat hulle nie “politiebetrokke” skryf nie – opgevolg deur reaksies wat wissel van “onttrokkenheid” is óók “protes” (Lukas Malan in ’n bespreking van Johann de Lange se *Snel grys fantoom* in *De Kat*, Oktober 1986) tot die siening dat die meeste digters hul met hul *private aches* (wil) besig hou. Toerien se opmerkings oor die sogenaamde “digterlike stryd teen apartheid” (*Die Burger*, 12.11.86) verdien hier aandag. Toerien dui aan dat ’n alternatiewe Afrikaanse letterkunde, “een wat al hoe minder vir Afrikanerlesers bedoel is” maar prakties

(bv. by vergaderings en begrafnisse) gebruik kan word “in die stryd teen apartheid”, ontwikkel het. Dan skryf Toerien egter:

Een vraag bly by ’n mens opkom met die lees van baie van die “swart” poësie: is die boodskap al wat belangrik is? Hoef die gedigte nie die literêr-geskoolde leser te bevredig nie?

Die probleem wat Toerien (as een van die “literêr-geskoolde” lesers) het met die nadruk op die “boodskap” (verdoemender gestel in die erg paternalistiese aanval deur Johann de Lange op die poësie van Peter Snyders – waarna Toerien verwys), onderstreep die leemte in ons literatuuronderrig. Die (Afrikaner)-leser is inderdaad “geskool” in die Europese tradisie van, onder meer, “close reading”. Watter “Afrikaanse departement” aan ’n Suid-Afrikaanse universiteit (uitgesonder UWK) is bereid om afstand te doen van hul elitistiese teksgesentreerde benaderingswyse? Wie is bereid om die teks-“boodskap” – saam met ander “boodskappe” – te kontekstualiseer? Wat wél gebeur, is dat UWK-studente dit blykbaar soms moeilik vind om hul kursus vir graaddoeleindes by ander universiteite erken te kry. Wetenskaplike snobisme? Of het Terry Eagleton gelyk wanneer hy sê:

Departments of literature in higher education then, are part of the ideological apparatus of the modern capitalist state? (1985: 200)

Of gaan dit bloot daaroor dat nougesette “stilistiese analises” (met ’n sousie “konteksgerigtheid” daaroor) en bemoeienis met “intrinsieke literêre waardes” ’n maklike beskutting bied teen die toenemende eise wat die aktualiteit stel? Wát ook al die versweë regverdiging is – leerlinge en studente kan daardeur doeltreffend afgesny word van enige gemeenskapsrelevante studie. Literêre teorie en literêre praktyk kan inderdaad, in Eagleton se woorde, ’n vorm van werklikheidsontvlugting wees (1985: 196).


Die meeste teoretici deins dus daarvan weg om die volle implikasies van “spraakgemeenskaplike verbondenheid” te ondersoek. Dit kan dan kwalik verwag word dat so iets in die praktyk – in letterkunde-onderrig – sal gebeur; skoolleerplanne verwys byvoorbeeld glad nie na gemeenskapsrelevansie nie, maar moedig teksontleding aan. Die gevaar is natuurlik dat onderwysbeleidmakers bloot agter valse argumente skuil – soos dat die skool die “verlengstuk” van die ouerhuis is en dat ouers se standpunte (lees: ideologieë) eerbiedig moet word. Watter ouers? Stemgeregtigde ouers? Christen-ouers?

Leser-gerigte teorieë (Ingarden, Iser, Fish) kom nog nie veel verder as ’n ondersoek na die relasie(s) tussen teks en leser nie, en meestal lei dié ondersoeke maar weer na ’n teksopvatting waarin die *strukturele eenheid* van die teks as einddoel gesien word. Aanhangers van die taalhandelings-teorie neem nie altyd die *werklike* deelnemers aan die taalhandelingsituasie in ag nie – vir hulle gaan dit veel eerder oor wat die “taalhandelings” *veronderstel* is om te enkodeer; wat die leser *veronderstel* is om te dekodeer. Hoe enkodering en dekodeering gedetermineer word *buite* taalteoretiese verband, gaan die “speech act theorists” te weinig aan. Hier is Van Coller se aansluiting by


Lanser (in Malan en Van Coller, 1987: 93 e.v.) gelukkig 'n welkome aanduiding dat die “konteks van die diskoers” bv. in die narratologie meer en meer aandag begin kry. Van Coller toon naamlik m.b.t. *Onse Hymie* en *Die mugu* aan dat 'n *pragmatiese* benadering beslis voordele inhou vir literatuurstudie.

Teen hierdie tyd sal waarskynlik ingesien word dat die ondersoekveld hier wél die besondere *kommunikasiesisteem* is; die vertrekpunt vir die tentatiewe voorstel van 'n model is dus die kommunikasieproses.

Selden (1985: 3) – soos vele ander teoriebeskrywers, o.a. Eagleton (1985: 98), Van Luxemburg *et al* (1981:138) – maak van die Jakobson-diagram van talige kommunikasie gebruik om die verskillende teoretiese gesigspunte te verduidelik:



Selden haal vervolgens MEDIUM (“contact”) uit as synde van minder belang vir die literêre teorieë wat hy bespreek, en noem dan dat Jakobson 'n *linguistiese funksie* aan elke element in die diagram toeken:



Hieruit lei Selden dan sy teoriebeskrywing af, waarvolgens elke teorie een van genoemde elemente as vertrekpunt neem, afskoon

At their best none of the approaches totally ignores the other dimensions of literary communication. (1985: 4)


Myns insiens kom die werklik dinamiese aspekte van die tekstuele kommunikasieproses egter nie tot hul reg nie. Voorts meen ek dat die belangrikheid van die “medium” (*hoe* en *waar* die teks funksioneer – vgl. die status van “mondeline literatuur”, die teks as aanvulling by gemeenskapsaktiwiteit) nie geïgnoreer kán word nie. Maar ook die grafiese voorstelling van die Jakobson-model kan hersien word. 'n Lineêre voorstelling soos dié van Selden en andere laat min blyke van vrylopende interaksie en assosiasie, iets wat ten minste *teoreties* aangeneem moet word as 'n kenmerk van die kommunikasieproses waarin 'n “(literêre) teks” 'n deel van die web van relasies vorm.

Ek meen dus dat die Jakobson-kommunikasiemodel anders voorgestel moet word, maar ook *uitgebrei* moet word om die “medium” en sy aard in berekening te bring. Meer nog: die genoemde elemente maak nie voorsiening vir die beskrywing van wat gewoonweg “ideologie” genoem word nie. Ek stel die model dus anders voor, in die oortuiging *dat 'n omvattende of globale literatuurbeskouingsmodel waarin teksskepping as die artikulering van (onder*

meer) reële ideologiese konfrontasies en kontradiksies gesien word, 'n baie bruikbare en relevante raamwerk vir wetenskaplik-teoretiese besinning en praktiese toepassing bied. (Vergelyk in dié verband ook De Man in Harari, 1980: 140.)

Omdat 'n teks nie geheel en al losgemaak kan word van die situasie waarbinne dit funksioneer nie, en omdat daardie funksionering-in-taal 'n vorm van kommunikasie is, is dit wenslik om ook faktore “buite” die teks – maar binne die bepaalde kommunikatiewe handeling – in hul interbetreklikheid van naderby te beskou. Die verouderde siening dat die teks outonoom is en (gevolglik) “sentraal” staan, kan dan plek maak vir 'n beskouing waar *betekenis* (kode, betekenisketting, . . .), *leser* (ontvanger, resipiënt, . . .), *medium* (kommunikasiekanaal, transmissie, . . .), *skrywer* (outeur, sender, . . .), *teks* (boodskap, “werk”, . . .) en *werklikheid* (konteks, realiteit, . . .) telkens in 'n unieke verhouding begryp word.⁷

Dit is egter, myns insiens (soos vroeër geargumenteer), noodsaaklik om 'n sewende faktor, die *makroteks* (ideologiese ruimte, informasieraamwerk, . . .) te onderskei. Omdat ideologie (makroteks), net soos “teks” 'n vertolking van of poging tot singewing aan die (onbevatlike) werklikheid is, word “makroteks” nie as deel van “konteks” gesien nie. Dit gaan juis oor die konflik tussen teks en makroteks – maar albei is op 'n manier deel van die konteks. Ek wil die Jakobson-model nou as volg verander:



'n Gebrek aan ruimte laat my nie toe om hier volledig in te gaan op ál die (wederkerige) relasies wat bostaande model van 'n sosio-tekstuele kommunikasiesituasie suggereer nie; 'n mens sou telkens 'n ander beginpunt (of invalshoek) kon hê, wat waarskynlik ook verband hou met die *toeganklikheid* van die kommunikasiesituasie. Indien die teks as invalshoek gekies word, word dit egter nie as geslote (of selfs “beslote”) kategorie beskou nie – juis die interrelasionele posisie daarvan word voor oë gehou.

3 Teks: Teksrelasies – ’n voorlopige interpretasie van die model

Wat is ’n teks?

Tot dusver in hierdie opstel is die konsep “teks” (en ook die konsepte “leser”, “konteks”, “skrywer”, ens.) as iets byna vanselfsprekends aanvaar. “Tekste” bestaan byvoorbeeld omdat daar “lesers” is. Maar groter duidelikheid is nodig.

Wanneer die status van die resultaat van skeppende aktiwiteit verhef word tot dié van ’n blote “verbal icon”, word ánder relasies (byvoorbeeld skrywer en konteks, teks en konteks, leser en konteks, ens.) verwaarloos. En dit terwyl dit juis die ander relasies is wat aan die teks ’n *relatiewe outonomie* toeken.

Ek onderskryf die beskouing dat die teks nie ’n volslae en “geslote” entiteit is of dat die leser slegs (of hoofsaáklik) “esteties” lees nie (vgl. Brink, 1980: 7; Fowler, 1983: 42). Dit hang natuurlik van die situasie af: die dame uit die middelklas wat lees omdat sy môre haar insigte met haar vriendinne by die plaaslike leeskring moet deel, bevind haar in ’n totaal ander situasie as die leerling of student wat (dalk) dieselfde teks lees omdat hy môre as gemeenskapsaktiwiteits grepe daaruit nuttig kan gebruik. ’n Besondere verhouding tussen leser en teks is dat die leser *teksskeppend* optree deur – as ’t ware met behulp van “code-switching” (soos die sosiolinguïste dit noem) – die teks eenvoudig by sy/haar gemeenskapsposisie of -situasie aan te pas.

Ek beskou ’n teks voorts as deel van ’n groter (meestal ondefinieerbare) “geheel”, as “interteks” (dus effens wyer as Zima, met verwysing na Krišteva, 1981: 89; asook Van Gorp *et al*, 1979: 84, betekenis 2). Maar dan ook op die wyse wat Fowler (1983: 69 en 124) noem, en nog wyer: interteks verwys myns insiens nie net na bestaande “literêre tekste” nie. Juis die aanhangers van die konsep van intertekstualiteit (én die skrywer wat so bewustelik “intertekstualiseer”!) ontsnap nie altyd aan die gevaar om *enkelteks* aan *kanon* te gaan koppel nie – ’n soort koppelary wat óók op ’n dekadente kapitalisme floreer!

“Teksinterne strukture” (mikrotekstuele eenhede en groter verteleenhede) impliseer volgens Fowler (1983: 124)

patterns of relationships, and systems of knowledge in the community which has produced the text and its readers. Also, patterns of *activity* are implied: the writer’s speech acts, the reader’s “decoding” process. (Kursivering van Fowler.)

Die geïmpliseerde kommunikasie – eintlik: die geïnnoveerde gespreksverhouding – met die leser geskied dan binne hierdie intertekstuele vlegwerk of “handeling” (Said in Harari, 1980: 163, noem die teks, waarskynlik in navolging van Barthes, “a network of often colliding forces”) wat nié net “literêre tekste” insluit nie.

Die teks is dus geen klaargemaakte artefak nie (die gedrukte boek is dit wel), maar ’n vorm van kommunikasie wat ’n “gespreksmoontlikheid” binne ’n groter “gesprek” veronderstel (vgl. ook Lotman en Schmidt soos aangehaal in Fokkema en Kunne-Ibsch, 1979: 137). Die generiese studie van tekste (waaronder “literêre werke”) as deel van ’n kommunikasiesistiem is dus nie so onbelangrik as wat soms gemeen word nie. Die algehele lineêre “genetiese

patroon” waarbinne die “gepubliseerde” teks sig bevind (d.w.s.) van die oorsprong af – versover dit navorsbaar is — tot by die jongste resensie of *enige ander* kontroleerbare respons op die teks) impliseer reeds die opheffing van gewaande “grense” soos die “begin” en “einde” van ’n teks, of die buiteblaaie van die “publikasie” waarin dit verskyn. Wanneer ’n resensent, dosent of student op ’n teks reageer, vind ’n “uitbreiding” van daardie teks plaas, ofskoon blote “teksontleding” (soos wat dit o.a. nog in die skoolsituasie plaasvnd), ’n metodologie aandui wat die teks klinies probeer afskerm.

Ek is dit dus eens met Rory Ryan, dat die opvatting van

textual autonomy, whereby the literary text is independent of both its author and its readers (. . .), or the conviction that a text has a centre and an edge, and which is recoverable, whole and unblemished, by the skilled reader (1985: 8)

onaanvaarbaar – of op die minste onvoldoende – is.

’n Teks is (dus) in dié opsig “sentraal” dat dit as *simboliese dokument met ’n gemeenskapsrelevante geskiedenis* vertrekpunte vir ’n ondersoek bied. In die literatuurpraktik kan daardie “dokumentêre” waarde weer anders geïnterpreteer word: die “karakters” wat in Jeanette Ferreira se *Sitate om ’n rewolusie* optree, is onlosmaaklik histories veranker óndanks die mate van fiksionalisering in die werk, maar die konkretisering van die teks lig ook waarhede uit wat die oog van die “close reader” kan ontglim – ’n kwessie, weer, van die woud raaksien maar nie die boom nie.

Maar is die woud – die puntenerige beskrywing van die “tekstaal”, die “estetiese” komponent – dan nie belangrik nie? Geharde dissipels van die New Criticism-skool sal voet by stuk hou dat dit *die* belangrikste aspek van die omgaan met ’n teks is om die estetiese kwaliteit daarvan te beskryf en te evalueer. Indien daar vrede op aarde en in die mense ’n welbehae wás, sou hierdie soort teksbeskouing heeltemal in orde wees. Sonder deeglike inagneming van die historiese en ideologiese oorsake vir die kampusonrus wat veral sedert die begin van die sewentigerjare by Suid-Afrikaanse universiteite voorkom, kan *Sitate om ’n rewolusie* van Ferreira nie na waarde geskat word nie. Die sentrale aborsie-motief in dié werk (Jeanne se aborsie, die abortiewe verhouding met Hillary, die ewe abortiewe vriendskapsverhouding met Dawn Mokgatla, uiteindelik die mislukte rewolusie) word nie alleen draer van die “algemeen-menslike” probleem van gedoemde verhoudings nie (vgl. die motto uit Lawrence), maar word ontgin aan die hand van verhaalfasette wat telkens op ’n seksistiese samelewing terugspeel. Onderdrukking baar verset; maar politieke mag kan ook só sterk wees dat verset nooit tot rewolusie ontwikkel nie. Dáárom ook word die *macho*-man Gouws (die kenner van sel(ver)deling!) uiteindelik in al sy liederlikheid voorgestel as iemand wat hom kan terugtrek terwyl die heerser se magsapparaat gereed maak om toe te slaan: “die vangwaens staan net gereed vir vat en inlaai”, heet dit op p.98.

Hoe word daar na die sosio-tekstuele kommunikasieverskynsel in die onderrigssituasie gekyk?

Uiteraard word die globale situasie nog glad nie in ag geneem nie; aan skole en hoër onderwysinrigtings – op enkele uitsonderings na – word hoof-

saaklik klem gelê op teksstudie (“close reading”), terwyl tekste met groot omsigtigheid geselekteer word (hoofsaaklik uit die *kanon*). Van Coller (in Botha en Snyman, 1986: 105) is hier weer ter sake oor kurrikulering wanneer hy hom aansluit by Van Rees – veral m.b.t. sy kritiek teen die kanoniserings-proses:

Dit lei daartoe dat wat leerstofseleksie betref, “we can be most sure of the oldest works, less sure of the late and not at all sure of the latest”. Dié uitgangspunt, ook op skool, lei tot fossilering van leerplanne en ’n leedersaversie.

Indien ’n mens met Du Preez (1983: 3) saamstem dat die heersende simbole wat as manipulêre werktuie binne ’n gemeenskap optree en waarmee die individu of die groep hom identifiseer, in skoolhandboeke – óók tekste – weerspieël word, sou ’n mens kon sê dat versigtige selektering plaasvind vanuit ideologiese grondslag; dat daardie sake waarmee ’n gemeenskap voel jonger lede moet identifiseer, op selektiewe wyse in lyn met die heersende ideologie oorgedra word. Dit gebeur dan ook met die presentasie van “voorgeskrewe tekste”, en op die ou end hang dít weer saam met die gebrek aan “alternatiewe tekste”, enersyds, en die onwilligheid van besluitnemers, andersyds, om hul beskouinge oor wat “literêre werke” en “(literêre) kriteria” is, in hersiening te neem. Die blote keuse van ’n teks soos Van Wyk Louw se *Raka* het byvoorbeeld in die huidige politieke opset ’n simboolbevestigende waarde, óndanks en buiten die epos se welbekende “artistieke kwaliteite”.

Dit is juis hier waar die “(literêre) teks” ook as *korrektief* kan optree (Weideman, 1982: 6–7), en waar die skrywer van *kontesterende* literatuur dit wel as opgaaf sien om die hegemonisme te probeer neutraliseer.

Nog belangriker: dit is juis hier waar geykte konsepte aangaande “literatuur” radikaal omgekeer moet word om – lineêr (of nog beter: siklies) en nie hiërgies nie – plek te maak vir “gemeenskapsliteratuur”, en die bestudering van die teks (ook in sy relasie tot ander tekste) as deel van gemeenskapsgeskiedenis, d.w.s. met inagneming van die *volle* spraakgemeenskap se historiesiteit.

’n Mens besef eers waarom ’n taal “die taal van die onderdrukker” genoem word (nie net Afrikaans nie; Engels is dit ook – vgl. die vestiging van standmeestersimbole!) wanneer jy agterkom dat tekste wat in daardie taal as onderrigmateriaal gebruik word, nie met die *grass roots*, die alternatiewe proletariese kultuurbewussyn, rekening hou nie. Wat die letterkunde – en veral die literatuuronderrig – betref, is leerlinge en studente aan die eindes van die politieke spektrum besig om wêrelde uit mekaar te beweeg, al behoort albei groepe aan dieselfde Afrikaanse spraakgemeenskap. Die verskil is waarskynlik net dat die een groep aan ’n voortdurende proses van “ideologiese versadiging” vanuit die onderwyshegemonie onderwerp word (in dié geval is ook die letterkunde ’n werktuig om te ver-slaaf).

Wat ’n teks is, wie die outeur is, en tot wie die outeur hom/haar rig, is nie minder of meer belangrik as die feit dat ’n teks *is* nie. ’n Skryfhandeling en daaropvolgende transmissie (“publikasie”, of in watter vorm dan ook) is afgestem op openbaarmaking – ’n teks wat deur iemand gelees, gehoor of (as

“opvoering”) gesien word, is onmiddellik openbare besit. Uitsprake soos die volgende is dus voorlopig ter sake omdat daarmee by implikasie gesê word dat ’n leser se omgaan met ’n teks óók beteken dat die teks ’n spesifieke konteks (en ideologiese ruimte) penetreer:

Omdat die skrywer met die konsep van ’n geïntendeerde leser in sy gedagtes skryf, neem hy elemente soos voorkennis, ideologiese instellings en selfs vooroordele, ’n sosio-kulturele verwysingsraamwerk en die leser se vermoë om bepaalde verbande te lê, in ag. (Malan en Bosman, 1983: 19)

And every text is a discourse, an act of language by an implicit author who has definite designs on an identifiable implied reader. (Fowler, 1983: 47)

. . . style neutralizes, if it does not cancel, the worldlessness, the silent, seemingly uncircumstanced existence of a solitary text. It is not only that any text, if it is not immediately destroyed, is a network of often colliding forces, but also that a text in being a text is a being in the world; it addresses anyone who reads. (Said, in Harari, 1980: 163)

Hierdie *gerigtheid*, hierdie wil tot gespreksinnovasie, tot verandering, verleen aan die teks ’n potensiaal wat nie altyd deur die skrywer besef word, of nie altyd in die onderrigsituasie ontgin word nie: *die teks funksioneer afhanklik van hegemoniese en kontra-hegemoniese aktiwiteite en is dus ideologies onvry*.

Hegemonie (’n konsep wat al deur Williams (in Dale, 1976: 202) toegepas is met betrekking tot onderrig, en hier spesifiek gebruik word in verband met literatuuronderrig) het die kommunikasieeler vanaf Gramsci bereik en dui op die geheel van strategieë wat ’n heersende groep of “power bloc” volg om o.a. deur ’n proses van inkorporering (of “kaping”, “hervormingstrategieë”!) – d.w.s. nie noodwendig deur onderdrukking nie – ’n standverdeling (ook op rassegrondslag) te bevestig. Gewoonlik opereer hegemonisme by wyse van die sg. ideologie van die “common sense” (en is dit daarom nie vreemd dat “teksgerigte literatuurstudie” dikwels met ’n “common-sense”-skouerophaling as die enigste geldige vorm van kennismaking met die literatuur voorgelou word nie):

. . . common sense is a site of social struggle; contending social groups seek to represent their way of looking at things as being commonsensical. To the extent that one group or “bloc” succeeds in establishing itself as the source and repository of common sense, it is likely to be able to maintain its hegemony over other groups whose “sense” is likely to appear as marginal, alien or even dangerous to those of “us” who are endowed with the real thing. (O’Sullivan *et al*, 1983: 41)

En die ideologie *in* die teks? Hoe “verborge” die ideologiese ook al in ’n teks is, die tekskritiek kan daarby uitkom, óók omdat “kritiek” en “literatuur” nie so maklik te skeie is nie (’n resensie is ’n *respons* op ’n teks, en is in sigself wéér teks). Die sg. “common sense”-benadering tot literatuur veronderstel dat daar ’n “natuurlike”, “ooglopende” wyse is waarop ’n teks gelees word, t.w. met die doel om “’n (stuk) lewe” uitgebeeld te sien, “die werklikheid”, of

“(’n) waarheid oor die werklikheid”; dat dit ’n skrywer se *persoonlike* ervaring is wat aan ’n werk sy geloofwaardigheid verleen:

. . . Common sense assumes that valuable literary texts, those which are in a special way worth reading, tell truths – about the period which produced them, about the world in general or about human nature – and that in doing so they express the particular perceptions, the individual insights, of their authors. (Catherine Belsey, 1983: 2)

Maar dan vervolg Belsey:

. . . common sense itself is ideologically and discursively constructed, rooted in a specific historical situation and operating in conjunction with a particular social formation. In other words, it is argued that what seems obvious and natural is not necessarily so, but that on the contrary the “obvious” and the “natural” are not *given* but *produced* in a specific society by the ways in which that society talks and thinks about itself and its experience. (1983: 3)

Watter rol speel die media (spesifiek konserwatiewe dagblaai en die SAUK) in die vestiging van “common sense”, byvoorbeeld aangaande kampus-onrus? Diegene wat Ferreira se *Sitate om ’n rewolusie* nie net as ’n “literêre werk” sien nie, sou kon nagaan watter relasies dáár tussen teks en makroteks bestaan.

’n Kernvraag mag dus wees: in hoe ’n mate reflekteer (deflekteer is dalk ’n beter woord) ’n teks die konflikterende waardesisteme en mensbeskouinge van ’n bepaalde tyd? Wanneer ’n teks min of geen blyke gee van kardinale lewensvraagstukke in sy tyd – wanneer kontensieuse sake in byvoorbeeld karakterisering geïgnoreer word (soos Gerwel (1983) aantoon met betrekking tot o.a. *Somer*) – is dit juis ’n aanduiding dat iets anders inspeel op die teks, naamlik die makroteks. Is dit onbillik om, n.a.v. *Somer*, te sê dat C.M. van den Heever, as biograaf en bewonderaar van J.B.M. Hertzog, nie aan plaaswerkers as “mense” kón dink nie?

Die teks (en die outeur) “kies” nie noodwendig die medium (“publikasiekanaal”, *venue*) nie; ook die makroteks speel hierby ’n rol. Enersyds “funksioneer” die makroteks in die vorm van hegemoniese joernalistiek (en die konserwatiewe Afrikaner lees nog altyd hoofsaaklik *sy* koerant en *sy* Bybel), sogenaamde “amptelike verklarings”, verswygings en *image-building* (desinformasie waar dit “opponente” betref).

Ook die relasies tussen teks, medium en betekenis oorvleuel mekaar soms. Omdat die verstaanbaarheid van ’n teks juis ’n algemene – maar ook moeilik omskryfbare – kriterium is wanneer die waarde daarvan bepaal word, vermy die skrywer as teksprodusent byvoorbeeld dubbelsinnighede wat die kommunikasieproses in die wiele kan ry. Selfs diegene wat skryf bloot as “self-ekspresie” beskou, weet tóg:

the very concept of writing a story seems to have implicit within it the notion of finding techniques of expression that will make the work accessible to the highest possible degree . . . (kursivering van Booth, 1973: 105).

Dat die moeilikheidsgraad (of “verstaanbaarheidsgraad”) van ’n teks juis kan mede-bepaal of daar ideologiese “misreading” plaasvind, is ’n saak wat in gedagte gehou kan word. Daarom is ook Culler se besinning, in aansluiting by Derrida, oor die struikelblokke wat geskrewe kommunikasie vanweë die teken-aard van taal meebring, dalk hier van toepassing:

The threat of non-transparency is the danger that, instead of permitting direct contemplation of thought, linguistic signs might arrest the gaze and, by interposing their material form, affect or infect the thought. (1983: 91)

Die vestiging van ’n Afrikaanssprekende werkersklas dwing die skrywer van kontra-ideologiese tekste om ’n hoë prys op verstaanbaarheid te stel; die aanwending of kanalisering van nie-hegemoniese tekste word deur die heersende politieke sisteem gedwing om “boodskap” voorop te stel.

Die sorg waarmee ’n (“literêre”) manuskrip voorberei word – tewens, die hele proses van *organisasie* vandat ’n “idee” tot teks ontkiem het – impliseer dat ’n teks wil funksioneer. Dit beteken egter nie dat ’n teks ’n – of dié – waarheid “verkondig” nie. Die enigste waarheid (of realiteit) is die gedrukte woorde op papier: die swart figuurtjies wat ons a.g.v. konvensie herken as “woorde”. Wat geënkodeer of gedekodeer word, is maar ’n min of meer kontroleerbare manifestering van ’n ideologie. Waar ’n teks tradisioneel gesien word as ’n outonome “teenwoordigheid” meen ek, in aansluiting by Derrida, dat ons hier met ’n valse aanname te make het, naamlik dat

. . . in the encounter between the text and the reader, meaning is fully intelligible without recourse to any other thing, text or idea, and without reference to any other signs than those presented. (Ryan, 1985: 15)

Hieruit volg dan dat volledige interpretasie *moontlik* is; dat die “waarheid” agterhaal kan word – “accessible” is, om weer Booth by te haal. In werklikheid is die ganse voorbereiding van ’n teks, die tegnieke wat bygehaal word, dikwels pogings om die ideologiese “kragvelde” (soos Senekal dit noem in Malan, 1983: 11) waaruit die teks voortkom, te kamoefleer. Hoe geslaagder die verskansing, hoe moeiliker (korrekter gestel: onwaarskynliker) is dit dat by *die* betekenis uitgekome gaan word – en hoe hoër die aansien van die werk dikwels in “literêre kringe”. Dis ook ’n spel met illusies: die skrywer “plant” spore (“traces”) om die leser op ’n dwaalspoor te bring en vertrou dat die leser langs die “omweg” sal uitkom by die oase waaruit die skrywer drink. Die leser sny spoor op sý manier en met die middele tot sý beskikking en kom uiteindelik wel by ’n oase uit. Dit hoef egter nie dieselfde oase te wees nie; dáárin lê die vryheid (of relatiewe vryheid) van die leser. Dat hierdie (relatiewe) vryheid van die leser in die onderrigsituasie – en tewens *as gevolg van* ’n bepaalde onderwysstelsel – aan bande gelê kan word, hoef nie verder verduidelik te word nie. Dat die sosio-tekstuele kommunikasieproses in ’n repressiewe politieke sisteem (mede-)bepaal word deur die *geskiedenis* van die literatuur, die literatuuronderrig en die waarde wat aan “betekenis” en “verstaanbaarheid” toegeken word, is eweneens vanselfsprekend.

’n Teks funksioneer dus bloot in dié mate dat dit sigself “presenteer” as min

of meer gekamoefleerde stuk kommunikasie, immer onvolledig en onafgerond omdat dit deel is van 'n ewigdurende soektog, 'n spoor of klompie spore in 'n wildernis van intertekstuele spore. As daar dus sprake van outonomieit is, dan is 'n teks outonoom in soverre dat dit 'n eie aard besit wat hom nooit ten volle láát ken nie.

Dit beteken egter nie dat 'n teks so te sê onaantasbaar is wanneer dit 'n "kuns skepping" ('n "kunstige vervlegting van *traces*") is nie – want dan sou die leser by voorbaat moes wanhoop. Die historiese dimensie van 'n teks (die feit dat dit op 'n bepaalde tydstip verskyn, binne 'n bepaalde gemeenskap, en dat dit selfs feitelike raakpunte met 'n stuk historiese werklikheid vertoon) regverdig 'n ondersoek na die relevansie (of gebrek aan relevansie) van so 'n teks. Die implikasie hiervan is nie dat 'n teks 'n mate van tydgenootlikheid móét besit nie; dit *is* vanweë die verskyning of herverskyning daarvan vanaf 'n gegewe datum beklee met tydgenootlikheid, met 'n emblematiese of sinnebeeldige karakter in terme van die geskiedenis van die spraakgemeenskap. Afrikaanse "literêre werke" het verskyn *of nie verskyn nie* in dieselfde tydperk waarin John Vorster beslag gegee het aan die apartheidsideologie van sy voorgangers, of in die tydperk toe Steve Biko as Swartbewussynsleier opgang gemaak en gesterf het. Die Sestigters se vlaag van eksperimentalisme het gekom ongeveer in dieselfde tyd toe Harold Macmillan se "winde van verandering" oor Afrika waarneembaar geword het vir die Afrikaner. Cussons se "meesterlike" hantering van die woord beleef 'n bloeitydperk in die fase van rassekonflik wat die Suid-Afrikaanse samelewing sedert Soweto 1976 kenmerk. Cloete se hooggeprese, netjiese *Jukstaposisie* maak sy opwagting by ons wanneer essensiële kwessies soos swart stemreg deur die regering van die dag gesystap word om plek te maak vir 'n sg. driekamerparlement, die "inkorporering" van 'n "bruin middestand" en die verbetering van die bemiddelde swartman se huisvestingsposisie, terwyl *wesenlike* kwessies soos die groter-wordende verarming van die massa (*Time*, 8.4.1985, praat van die middestand-swartman se "fellow township residents (who) have been pushed deeper and deeper into poverty") en die nuwe *eksistensiële krisis* van veral die swart *kind* genegeer word. *My Kubaan* (Etienne van Heerden) verskyn op die boekrakke juis wanneer die uitgerekte sg. "Kubaanse kwessie" herhaaldelik as "enigste struikelblok" op die pad na onafhanklikheid vir "Suidwes-Afrika/Namibië" geïdentifiseer word.

Dit gaan dus eintlik ook oor die vraag in watter mate 'n teks op die voorgrond tree (funksioneer) wanneer omstandighede op alle vlakke van die samelewing om radikale hersiening vra. Nie álle tekste funksioneer bewusmakend nie, en daar kan ook nie aan skrywers gedikteer word nie. Maar daar *is* tekste uit die korpus "literatuur" wat sosiale stratifikasie deurbreek, net soos wat daar tekste is wat die verdeling tussen ryk en arm, heersers en nie-heersers bevestig.

Ek wou slegs enkele beginpunte vir 'n ondersoek na teksrelasies aandui. Ek meen egter dat daar ernstig fout is met die benadering tot die letterkunde aan sommige – waarskynlik die meeste – onderwysinrigtings wat die Afrikaanse spraakgemeenskap bedien, of waar die "Afrikaanse letterkunde" onderrig of doseer word binne die huidige hegemonese opset. Wat ons nodig het indien

ons die studie van die letterkunde wil regverdig – tewens: indien ons die hele “produksieproses” van ’n teks se ontstaan af reg deur tot byvoorbeeld sy plasing op ’n leeslys, wil verdedig – is ’n *relevanter literatuurbeskouing*; tewens, ’n demokratisering van die ganse literêre produksiesisteem. Tot op hede het nog min daarvan tereggekome in navorsing, in die kurrikula, en in alle ander “kontaksituasies” tussen “teks” en “spraak- (of lesers-) gemeenskap”.

Aantekeninge

1. In ’n referaat tydens die 1986-kongres van die ALV – ’n stuk wat ek ongelukkig nie by die afronding van hierdie artikel kon bekom nie – het H.P. van Coller ’n sterk saak uitgemaak vir die vergelykende bestudering van Nederlands. Dit is ’n belangrike moontlikheid vir die “behoud” van tersaaklike Nederlandse tekste in kurrikula. Ek skryf hier origens doelbewus polemies, wel wetende dat ’n grondige ondersoek en kurrikulumontleding nodig is voordat finale gevolgtrekkings gemaak kan word. Hopelik sal diegene wat nie te besig is met die esoterisering van die “letterkunde” en die “literatuurwetenskap” nie, inmiddels genoeg aggressie vir ’n vrugbare gesprek ontwikkel.
2. Charles Malan, verwysende na die stand van navorsing en teorievorming in Suid-Afrika teen 1982, meld tereg dat “’n aantal toonaangewende literatore hulle op ’n betreklik eklektiese wyse van bepaalde nuwe teorieë bedien, maar dat verreweg die meeste tesisondersoeke min tekens van die teoretiese vernuwing toon”. Dit het o.m. tot gevolg “dat daar nog nie veel tekens van ’n algemeen aanvaarde metataal is nie en dat basiese terme i.v.m. die nuwe teorieë op ’n omslagtige wyse in navorsingsverslae verklaar word” (1984: 30). Intussen het ’n hele paar nuttige werke, waaronder *Letterkunde en leser* en *Gids by die literatuurstudie* (albei onder redaksie of mederedakteurskap van Malan self) verskyn, waardeur dié leemte in ’n groot mate gevul is. Vir die doel van die onderhawige artikel word egter nog onbeskaamd by bestaande teorieë aangesluit, en dit is ook nie my bedoeling om, in Oversteegen se woorde, sodanige aansluitings te verdedig as “geen eklektisisme maar pluriformiteit” (1982: 16) nie, ofskoon ek hoop dat in hierdie opstel wel spore van teoretiese vernuwing gevind sal word.
3. Bronzwaer, Van Luxemburg, Jefferson e.a. het die saak al deeglik beredeneer. Maar ’n literatuurwetenskap wat te ver verwyderd staan van wat met die literatuur *in die praktyk* gebeur, is met intellektuele *Scrabble* besig.
4. Vry vertaal: “Literatuursosiologie sal net moontlik wees en in sy omvattende probleemstelling voldoende ontwikkel kan word, as dit terselfdertyd geloof-(religie-)sosiologie is en as geloofsosiologie sigself as deel van ’n *omvattende* geloofsosiologie begryp.”
5. Vry vertaal: “Terwyl literatuursosiologie as ’n *besondere sosiologie* verstaan word, is dit sowel wat die metode as wat die onderwerp betref, aan die algemene sosiologie verbind. Omdat die sosiologie die sosiale, d.w.s. intersubjektiewe aktiwiteit, as navorsingsonderwerp het, is die sosiologie nie geïnteresseerd in die literêre werk as estetiese onderwerp nie; literatuur is vir die sosiologie net van belang versover daar met die literatuur, aan die literatuur en vir die literatuur besondere intermenslike aksies uitgevoer word. Die literatuursosiologie het dus te doen met die handelinge van die persone wat deel het aan die literatuur; die onderwerp van die literatuursosiologie is die interaksie(s) van die persone wat deel het aan die literatuur.”

6. Ek gebruik dié beeld om aan te dui dat die teks wel die sentrum – maar dan 'n *relatiewe* sentrum – in die sosio-tekstuele kommunikasiesituasie is.
7. Die elemente word hier doelbewus *alfabeties* gegroepeer, omdat voorkeur nie aan één spesifieke element gegee word nie.

Verwysings

- Belsey, Catherine. 1983. *Critical practice*. London & New York: Methuen (New Accents).
- Booth, Wayne C. 1973. *The rhetoric of fiction*. Chicago: University of Chicago Press.
- Brink, André P. 1980. *Waarom literatuur?* (Professorale intreerede.) Grahamstad: Rhodes-Universiteit.
- Culler, Jonathan. 1976. *On deconstruction*. Ithaca: Cornell University Press.
- De Man, Paul. 1980. Semiology and rhetoric. In: Harari, Josue V. (ed.). *Textual strategies: perspectives in post-structuralist criticism*. London & New York: Methuen, pp. 121–140.
- Du Preez, J.M. 1983. *Africana Afrikaner: meestersimbole in Suid-Afrikaanse skool-handboeke*. Alberton: Librarius Felicitas.
- Eagleton, Terry. 1985. *Literary theory*. Oxford: Basil Blackwell.
- Escarpit, Robert. 1971. *Sociology of literature*. London: Frank Cass & Co.
- Ferreira, Jeanette. 1985. *Sitate om 'n rewolusie*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, E. 1986. *Theories of literature in the twentieth century*. London: C. Hunt & Co.
- Fowler, Roger. 1983. *Linguistics and the novel*. London & New York: Methuen (New Accents).
- Fügen, Hans-Norbert. 1970. *Die Hauptrichtungen der Literatursoziologie und ihre Methoden: Ein Beitrag zur literatursoziologischen Theorie*. Bonn: Bouvier.
- Gerwel, G.J. 1983. *Literatuur en apartheid*. Kasselsvlei: Kampen.
- Gerwel, G.J. s.j. *Literature and apartheid: aspects of post-1948 Afrikaans literature*. (Paper no. 21.) Bellville-South: University of the Western Cape.
- Goldmann, Lucien. 1972. Over de sociologie van de roman. IN: Vogelaar, J.F. *Kuns als kritiek*. Amsterdam: Bezige Bij, pp. 29–54.
- Gray, Stephen. 1984. A South African literary tradition? Lacunae and challenges. In: Malan, Charles (red.) S.A. Literature research/S.A. Letterkundenavorsing – Report of a research symposium/Verslag van 'n navorsingsimposium. Pretoria: RGN. (SENSAL-publikasies nr. 11), pp.16–25.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 2*. Pretoria & Kaapstad: Academica.
- Malan, Charles (red.) 1984. *S.A. Literature research/S.A. Letterkundenavorsing – Report on a research symposium/Verslag van 'n navorsingsimposium*. Pretoria: RGN. (SENSAL-publikasies nr. 11.)
- Malan, Charles en Bosman, Martjie. 1983. *Sensuur, literatuur en die leser: Donderdag of Woensdag as toetsgeval*. Pretoria: RGN. (SENSAL-publikasies nr. 10.)
- Malan, Charles en Van Coller, H.P. 1987. *Vanweë die onbewuste*. Besprekings van Etienne Leroux se romans. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Malan, Lucas. 1986. Bundel: *Snel grys fantoom*. ('n Bespreking.) *De Kat*, Oktober, p. 106.
- Oversteegen, J.J. 1982. *Beperkingen*. Utrecht: Hes Uitgevers.
- Parsons, Talcott. 1951. *The social system*. London & New York: Methuen.
- Pêcheux, Michel. 1986. *Language, semantics and ideology*. London: Macmillan.

- Ryan, Rory. 1985. Pathologies of epistemology in literary studies. *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir literatuurwetenskap* 1(1): 3–42.
- Said, E. 1980. The text, the world, the critic. In: Harari, Josue V. (ed.) *Textual strategies: perspectives in post-structuralist criticism*. London & New York: Methuen, pp. 161–188.
- Scharfschwerdt, Jürgen. 1977. *Grundprobleme der Literatursoziologie*. Stuttgart: W. Kohlhammer.
- Selden, Raman. 1985. *A reader's guide to contemporary literary theory*. Brighton: The Harvester Press.
- Senekal, Jan. 1983. Resepsie – 'n terreinverkenning. In: Malan, Charles (red.): *Letterkunde en leser: 'n inleiding tot lesergerigte literêre ondersoek*. Durban: Butterworth.
- Toerien, Barend. 1986. Digterlike stryd teen apartheid. *Die Burger*: 12 November.
- Van Coller, H.P. 1984. Teoretiese benaderings van belang vir Afrikaanse navorsing. In: Malan, Charles (red.). *S.A. Literature research/S.A. Letterkunde-navorsing – Report of a research symposium/Verslag van 'n navorsingsimposium*. Pretoria: RGN. (SENSAL-publikasies nr. 11), pp. 121–131.
- Van Coller, H.P. 1986. Kurrikulering. In: Botha, Elize en Snyman, Henning. *Program en problematiek*. Durban: Butterworth.
- Van Gorp, H.; Ghesquiere, R.; De Preter, G.; Sollie, L.; Struyf, B. 1979. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: J.B. Wolters.
- Vanheste, Bert. 1981. *Literatuursociologie: Theorie en metode*. Assen: Van Gorcum.
- Van Luxemburg, Jan; Bal, Mieke; Weststeijn, Willem. 1981. *Inleiding in de literatuurwetenschap*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Weideman, G. 1982. Die teks as korrektief. *Logos* 2(1): pp. 1–8.
- Willemse, Hein. 1984. Poësie se nie-hegemoniese vorm. *Stet* 2(4): pp. 11–12.
- Willemse, Hein. 1985a. Ter wille van oorlewing. *Stet* 3(2): pp. 6–9.
- Willemse, Hein. 1985b. Rondom die politiek: die outsider en randfigure in *Na die geliefde land*. Standpunte XXXVIII (2): pp. 35–34.
- Williams, Raymond. 1976. Base and superstructure in Marxist cultural theory. In: Dale, Roger et al., eds. *Schooling and capitalism: a sociological reader*. London: Routledge & Kegan Paul, pp. 201–219.
- Zima, Peter V. 1981. *Literatuur en maatschappij: Inleiding in de literatuur- en tekstsociologie*. Assen: Van Gorcum (Puntkomma-reeks).